# SINSLEER

## Wat is 'n sin?

Kyk na die volgende stukkies taal:

(a) *A*: *Hoe laat het jy opgestaan?*
*B*. *Om Sewe-uur.*
*A* *En wanneer gaan jy dorp toe?*
*B*: *Netnou.*

(b) *Piet*: *Jan!*
*Jan*: *Hè?*
*Piet*: *Skiet!*
*Jan*: *Wat?*
*Piet*: *Die das!*
*Jan*: *Waar?*
*Piet*: *Daar op die klip!*

(c) *Moenie!*

(d) *Eina!*

(e) *Mooi skoot!*

(f) *Die rivier het die brug weggespoel.*

Wat kan ons oplet?

As ek 'n woord lees of hoor (sê maar **brug, klip, sewe-uur, skiet** of **mooi**), roep dit 'n sekere beeld voor my gees; maar as dit nie op 'n bepaalde manier gesê of verbind word nie, d.w.s. in 'n besondere verband gebruik word nie, dan deel so'n woord vir my niks mee nie. Bostaande stukkies taal kom egter wel in 'n bepaalde verband voor. Toe A gevra het hoe laat B opgestaan het, het B geantwoord: „Om sewe-uur". Dit is tog 'n selfstandige mededeling, nie waar nie? Daar is niks anders nodig om B se mededeling te voltooi nie.

B kon natuurlik geantwoord het: „Ek het om sewe-uur opgestaan"; maar dit was onnodig, want A het dadelik volledig begryp wat B bedoel het. M.a.w. om as aparte mededeling te fungeer, is dit nie nodig dat daar 'n werkwoord in B se antwoord aanwesig moet wees nie.

Dieselfde geld vir al die ander voorbeelde: hulle is almal selfstandige mededelings, en het niks verder nodig om hulle te voltooi nie. Al die bostaande stukkies taal is dus sinne,

(b) **Tweeledige sinne,** bv.

Ek hardloop.
Die man maal die mielies.

By tweeledige sinne kan onderskei word:

(a) **Die onderwerp** (of **subjek**), bv. *Die man*
(b) **Die gesegde** (of **predikaat**), bv. *maal die mielies*

Laat ons nou die verskillende dele van die sin of sinsdele, soos ons hulle noem, van nader beskou.

## DIE ONDERWERP

Die onderwerp vorm die uitgangspunt van die sin en is die persoon of ding waaroor gepraat word.

Die onderwerp kan bestaan uit:

(a) **'n enkelvoudige onderwerp.**

Die enkelvoudige onderwerp kan wees:

(i) 'n selfstandige naamwoord (met of sonder bepalings), bv.

**Jan** tel die klip op.
**Die groot seun** tel die klip op.
**Die seun met die sterk arms** tel die klip op.

(ii) 'n voornaamwoord, bv.

**Hy** tel die klip op.
**'n Mens** moet eet om te leef.

(iii) enige gelykstaande woord of uitdrukking, bv.

**Om te swem** is gesond.
**Twee** was gewond.
**Mooi** vergaan.
**Hierdie** is Piet s'n.

(iv) 'n voorlopige onderwerp, bv.

**Dit** is swaar *om arm te wees.*
Dis (= **dit** is) jammer *dat jy nie kan kom nie.*
**Dit** is vir my om 't ewe *of jy dit doen of nie.*

**Let op:** Die eintlike onderwerp is „om arm te wees en „dit" is die voorlopige onderwerp.

(v) 'n betekenislose onderwerp, soos dit by onpersoonlike werkwoorde voorkom, bv.

**Dit** reën (hael, ryp, kapok, ens.)
**Dit** lag en gesels net.
**Dit** jeuk.
**Dit** kriewel.
**Daar** word gesing (gespeel, gedans, ens.)

(vi) dikwels, nl. by eenledige sinne, ontbreek die onderwerp heeltemal, bv.

Kom hiernatoe!
Moenie
Hardloop!

(b) **'n veelvoudige onderwerp**, d.i. twee of meer persone of dinge, bv.

**Jan, Piet en Klaas** gaan swem.
**Sowel die kalwers as die koeie** moet gehaal word.

## DIE PREDIKAAT (GESEGDE)

Die predikaat bestaan uit:
(a) **die gesegdewoord**
(b) **die voorwerp**

### Die gesegdewoord

In die gesegde kan daar 'n werkwoord wees, nl. die gesegdewoord. Die gesegdewoord is dié gedeelte van die sin wat die handeling (veranderlike toestand, 'n verandering van toestand of geestelike werksaamheid) vermeld, bv.

Jan **hardloop** vinnig.
Die man **slaap** gerus.
Die skape **vrek** by hope.
Ek **kan** jou nie **begryp** nie.

Die vetgedrukte woord(e) in elke sin is die gesegdewoord.

**LET WEL:**

1. Alle sinne het nie werkwoorde nie, bv.

Hoe eerder, hoe beter.
Liewer bang Jan as dooi Jan.
Dit nie juis nie.

Hoe ontleed ons sulke sinne? Kyk na die voorbeelde:

**Onderwerp:** Hoe eerder; Liewer bang Jan; Dit
**Gesegde:** hoe beter; as dooi Jan; nie juis nie

2. Soms is die werkwoord 'n koppelwerkwoord. In sulke gevalle vorm die koppelwerkwoord plus naamwoord (d.i. s.nw., b.nw. of v.nw.), ander woordsoort of uitdrukking (wat gebruik word om die begrip te voltooi) saam die gesegde (predikaat) van die sin. Hier volg etlike voorbeelde van sulke saamgestelde predikate:

(a) Sy seun **is dokter.** Die man **lyk siek.**
Dit **is myne.** Hy **heet Piet.**
Pa **word oud.** Dit **lyk maklik te wees.**

**Let op:**

By „heet", „lyk", ens. het die oorspronklike betekenis al so erg verbleek dat hulle net soos „is", slegs as bindwoorde beskou kan word.

(b) Die saak **is hangende.**
Die motor **is te koop.**
**Is** dit **werk?**

(c) Die kinders **is saam.**
Die deur **is toe.**

(d) Hy **was in die knyp.**
Jy **is aan die pen.**

**Let op:**

In bostaande gevalle bestaan die gesegde uit twee dele: die bindwoord plus die ander woord of uitdrukking.

## DIE VOORWERP

Die voorwerp dui daardie ding of persoon aan waarop die handeling gerig is. Sodra daar 'n voorwerp in die sin voorkom, word die werkwoord dus oorganklik (transitief) gebruik. Kyk na die volgende voorbeelde:

Jan slaan **die hond.**
Ons vertel **stories.**
Ek het **hom** dopgehou.
Ek het **(vir) hom** pakgegee.

Die vetgedrukte woord(e) in elke sin is die voorwerp.

**LET WEL:**

(a) Soms bestaan die enkelvoudige sin uit twee voorwerpe (i) die direkte voorwerp en (ii) die indirekte voorwerp. In onderstaande sinne is die vetgedrukte woorde die indirekte voorwerpe en die skuinsgedrukte woorde die direkte voorwerpe. Die direkte voorwerp is die ding of persoon waarop die handeling direk gerig is. Die indirekte voorwerp is die ding of persoon in die rigting waarvan die handeling gaan, maar wat nie ten volle daardeur getref word nie.

Ons het **Jan-hulle** *'n paar grappe* vertel.
Hy het **vir vader** *'n huis* gebou.
Ek skryf *die brief* **aan Jan.**

Dit is egter moeilik om in alle gevalle die direkte voorwerp te bepaal. In sommige gevalle word dit nie ten volle deur die handeling getref nie. Kyk na hierdie voorbeeld:

Hy het Jan maklik pak gegee.

'n Mens kan „pak" as die direkte voorwerp beskou by die werkwoord „het gegee"; dan is „Jan" die indirekte voorwerp wat die pak kry. Maar ons kan „Jan" ook beskou as die persoon op wie die handeling gerig is; en in so'n geval is „Jan" eintlik die direkte voorwerp en **pakgegee** een woord.

(b) Soms is die voorwerp 'n infinitief, bv.

Ek het geoefen **om te spring.**
Ek vind **stap** gesond.
Hy weier **om te betaal.**
Ek hoor **huil.**

(c) 'n Voorsetsel kan deel van die gesegdewoord uitmaak, bv.

Ek **hou van** perskes.
Ek **kyk na** hom.
Ons **vertrou op** jou.
Hy **voorsien in** my behoeftes.

(d) Kyk na die volgende sinne:

(i) Ek probeer dit doen.
(ii) Ek help hom die vraagstuk oplos.
(iii) Ek laat Jan sy kop volg.

(iv) Ek voel die doring steek.
(v) Ons sien die trem aankom.
(vi) Ek hoor die seun die kalwers aanja.

In sinne soos (i) tot (iii) is „probeer” „help” en „laat” hulpwerkwoorde en die gesegdewoorde dus: „probeer doen”, „help oplos” en „laat volg”. Die direkte voorwerpe is „dit”, „die vraagstuk” en „sy kop”.

In sinne soos (iv) tot (vi) kry ons saamgestelde sinne. Die hoofsinne is „Ek voel”, „Ons sien” en „Ek hoor”. Die bysinne is voorwerpsinne.

## BEPALINGS

By die onderwerp, gesegdewoord en voorwerp staan dikwels woorde of frases wat beskryf of nader bepaal. Hierdie bepalings gee dus nadere besonderhede omtrent die onderwerp, voorwerp of gesegdewoord. Op hierdie manier kry ons verskillende soorte bepalings:

### 1. Die bywoordelike bepaling

Die woord of frase wat die gesegdewoord van die sin nader bepaal, noem ons 'n bywoordelike bepaling. In die sin „Jan swaai sy arms vinnig”, byvoorbeeld, sê die woord „vinnig” alleen iets van die swaai (d.i. van die gesegdewoord). „Vinnig” sê vir ons **hoe** Jan sy arms swaai. In die sin „Die man kom elke more” vertel die woorde „elke more” vir ons **wanneer** die man kom. Ons kan vier hoofgroepe van hierdie bepalings van die gesegde (of bywoordelike bepalings) onderskei. Hulle druk hoofsaaklik besonderhede uit omtrent die verhouding van die handeling of toestand tot enige punt of deel van (a) die tyd of (b) die ruimte en (c) tot ander besonderhede wat as oorsake of gevolge in betrekking daarmee staan. Ook gee hierdie soort bepalings besonderhede omtrent (d) die aard en die omvang van die handeling of toestand. Ander byw. bepalings help weer om die waarskynlikheid, moontlikheid, noodsaaklikheid, nie-plaasvind en dergelike voorstellings van die handeling uit te druk. Afgesien van onderafdelings en die laasgenoemde groep is die bepalings van **tyd, plek, oorsaak of gevolg** en **hoedanigheid of hoegrootheid** dus die belangrikste.

**Vorm van bywoordelike bepalings:**

Die volgende woordsoorte en uitdrukkings kan gebruik word:

(i) bywoorde, bv.
Wie loop **daar.** Hy kom **netnou.**

(ii) s.nwe., bv.
Hy lag hom **'n papie.** Hy skiet **'n bars.**

(iii) s.nwe. of (vnwe.) + voorsetsel, bv.
Die voël sit **op die draad.** Ek lê **naby hom.**

(iv) ou tweede en derde naamvalle, bv.
Hy het **ouder gewoonte** te vroeg gekom.
Die man het **syns weegs** gegaan.

(v) ander frases met s.nwe., bv.
Ek het **die hele dag** gewag.

(vi) infinitiewe met voorsetsels, bv.
Ons eet **om te lewe.**
Jy sal wen **deur toe te gee.**
Hy het weer begin **in plaas van vol te hou.**

Hier volg nou voorbeelde van die belangrikste soorte bywoordelike bepalings: (Die belangrikste vrae wat by elke groep gestel kan word, word tussen hakies aangegee.)

(a) **Plek:** (*Waar? Waarheen? Waarnatoe?*)
Ons gaan **nêrens nie.** Draai **links.** Kom **hiernatoe.** Hy staan **agter die deur.** Hy stap **die huis uit.** Jan kom **van die plaas af.**

(b) **Tyd:** (*Wanneer? Hoe laat? Hoe lank? Van wanneer af?* ens.)
Ek kom **oormore** terug. Ek het **ure aanmekaar** vir hom gewag. **Van gister af** voel hy beter. Ek sien hom **elke dag. Dag vir dag** ry hy hier verby. **Alvorens te antwoord** dink hy eers goed na.

(c) **Oorsaak en gevolg:**
As onderafdelings kan ons onderskei:

(i) **Oorsaak:** (*Waardeur of deur watter oorsaak?*)
**Deur nat te word** het hy kou gevat.
**Hierdeur** het sy onderneming geslaag.
**Van skone angs** het sy flou geword.
Ek het dit maar **by toeval** raakgesien.

(ii) **Rede:** (*Waaarom? Om watter rede? Op watter grond?*)

**Na aanleiding van u skrywe** moet ek u in kennis stel dat . . . **Weens die koue** kon ons die skape nie skeer nie. **Uit wanhoop** het hy hom om die lewe gebring.

(iii) **Middel:** (*Waardeur? Deur watter middel?*)

**Met mooi te vra** sal jy dalk sy toestemming kry. **Met 'n lang stuk draad** het ek die pyp oopgekry.

(iv) **Gevolg:** (*Met watter gevolg?*)

**Tot my ontsteltenis** vind ek die geweer is weg. Dit het alles gebeur **tot groot vermaak van die ander seuns.**

(d) **Doel:** (*Met watter doel?*)

Die geld word ingesamel **ten behoewe van die armes. Om die vrede te bewaar,** het ek maar niks gesê nie.

(e) **Voorwaarde:** (*In watter geval? Onder watter voorwaarde?*)

**In sulke omstandighede** sou 'n mens daadwerklik moet optree. **Desverkiesend** kan die brief per lugpos gestuur word.

(f) **Toegewing:** (*In weerwil waarvan?*)

**Ondanks die reent** het hy darem gekom. **In weerwil van sy belofte** het hy dit tog gedoen. Ons voel **nietemin** dat dit tog die regte handelwyse was.

(g) **Hoedanigheid en hoegrootheid:**

As onderafdelings kan ons onderskei:

(i) **Hoedanigheid:** (*Hoe?*)

Die trein hardloop **vinnig.** Die soldate veg **dapper.** Hy bereik sy doel **op die kortste manier.**

(ii) **Omstandigheid:**

Ek kom **graag.** Hy kom **alleen. In plaas van koffie** drink hy melk.

**Onverrigtersake** moes hy terugkeer. Hy het **met oorgehaalde geweer** geloop.

(iii) **Beperking:**

Het jy nog iets **betreffende die saak** gehoor? Hy is altoos baie gaaf **jeens my.** Hy is arm **aan geld** maar ryk **aan verstand. Van beroep** is hy blikslaer.

In hierdie gevalle hou die woord „beperking" die betekenis in van „restriksie", „voorbehoud" of „uitsondering".

(iv) **Hoeveelheid:**

Piet is **twaalf jaar** oud. Dit het **tien grade** gevries. Dit het **geen haar** geskeel nie of . . .

(v) **Graad:**

Dit maak **weinig** verskil. Hy was **baie** siek. Jy rus nie **genoeg** nie. Ons was **byna** te laat.

(vi) **Verhouding:**

Pryse word gereël **namate die gewig en kwaliteit.** Die seuns staan **volgens grootte.**

(h) **Modaliteit:**

Handelinge of toestande kan voorgestel word as moontlik, min of meer waarskynlik, noodsaaklik, as 'n belofte, 'n voorneme, 'n verwagting, 'n verpligting, 'n gerug, 'n skyn, ens. Baie bywoordelike bepalings word gebruik om hierdie voorstellings van die handeling (d.w.s. die werklikheid of nie-werklikheid daarvan) te help uitdruk. Hier volg 'n paar voorbeelde:

(i) **Om die werklikheid te bevestig:**

Ek kan **met sekerheid** daarvan getuig. **Blykbaar** het hy die trein gemis. (**Ook:** ja, wel, gewis, inderdaad, bepaald, stellig, seker, waarlik, werklik, ongetwyfeld, ens.)

(ii) **Om 'n noodsaaklikheid te help uitdruk:**

Ek moet hom **noodsaaklik** spreek.
(Ook: noodwendig, beslis, volstrek, ens.)

(iii) **Om 'n moontlikheid uit te druk:**

**Miskien** kom hy more terug.
Ek sal **waarskynlik** te laat wees.
(**Ook:** moontlik, soms, denklik, vermoedelik, ens.)

(iv) **Om 'n skyn of gerug uit te druk:**

**Oënskynlik** het hy niks laat blyk nie.
**Myns insiens** is dit die verkeerde handelwyse.
(**Ook:** skynbaar, na my oordeel, luidens 'n berig, volgens die gerugte, ens.)

(v) **Om na die werklikheid te vra of die vraag te versterk:**

Kom jy **ook?** Dis Piet, **nie waar nie?**
(**Ook:** wel? tog? immers? ens.)

(vi) **Om op te wek:**

Kom **tog** gou! Bly jy **maar**! Loop **dan**!

(vii) **Om 'n werklikheid te ontken:**

Ek gaan **nie.** Ek wil **geensins** in die saak betrokke wees nie.
(**Ook:** geen duit, onmoontlik, geen haar, volstrek nie, ens.)

## 2. Die byvoeglike bepaling

Die woord of frase wat die onderwerp (of voorwerp) beskryf of nader bepaal, noem ons 'n byvoeglike bepaling.

**Vorm van byvoeglike bepalings:**

Die volgende woordsoorte en frases kan gebruik word:

I. Alle beskrywende woorde by s.nwe. (soos b.nwe., omvangswoorde, lidwoorde, hoeveelheidswoorde, byvoeglik gebruikte vnwe., byvoeglik gebruikte deelwoorde en infinitiewe, ens.):

(a) Die **mooi** blomme . . .; Daar woon **ryk** boere.
(b) Ons het **genoeg** water en **volop** vleis.
(c) **sewentien** skape; **sommige** mense
(d) **'n** man; **die** kêrel
(e) **my** huis; **jou** tuin.
(f) **dié** seun; **daardie** skape
(g) die man **daar;** die deur **links;** die trap **onder;** die pad **oorkant;** ek **alleen;** Piet **veral.**
(h) **blaffende** honde; 'n **skitterende** oorwinning
(i) 'n **gladgeskeerde** man; **gekookte** kos
(j) **voorgeskrewe** boeke; **aangesete** gaste
(k) die geleentheid **om te lees;** die lande **om te ploeg.**

II. S.nwe. en vnwe. met of sonder voorsetsels. Hieronder word ook bystellings ingesluit. ('n Bystelling beteken hier 'n s.nw. wat onmiddellik, d.w.s. sonder voorsetsel, naas die bepaalde woord as byvoeglike bepaling geplaas word):

**Langenhoven se** werke; die mense **van ons dae;** die pale **langs die pad;** 'n knewel **van 'n bobbejaan;** 'n paar **van u; wie se** hoed; die berig **van die oorstroming;** die kind **van die man met die skeeloog;** 'n uitverkoping **weens bankrotskap;** die land **van sy geboorte;** die voël **op die draad,** ens.

**Bystellings:**

**Johan** Bouwer; **Tant** Lenie; die sekretaris, **Piet;** van Bruggen, **skrywer van ,,Ampie'';** Wolf, **my hond,** ens.

### 3. Bepalings van gesteldheid

Dit is die tradisionele benaming vir bepalings wat òf as bywoordelike òf as byvoeglike bepalings beskou kan word. Dikwels gaan dit moeilik om te onderskei of die bepaling die onderwerp of voorwerp of wel die gesegdewoord bepaal. Hier volg 'n paar voorbeelde:

**Groep A:** dié wat òf as byvoeglike bepalings òf as bywoordelike bepalings (van omstandigheid) beskou kan word:

Hy het **wakker** gelê in die bed.
Jan het **uitgeput** by die huis aangeland.
**Mompelend** het die ou weggestap.
**Besope** het die man die straat afgesteier.
**As ouer** moes hy vir die kind sorg.
**Gebak** is hierdie soort vis baie lekker.
**Verlate van sy vriende** het Piet die dorp vergoed verlaat.

**Groep B:** dié wat meeste ooreenkoms met byvoeglike bepalings vertoon; maar die verbinding kom tot stand as gevolg van 'n handeling:

Ons vind toe die huis **verlate.**
Ek het die lesing **boeiend** gevind.
Ek voel my **verplig.**
Hy gee hom **vir dokter** uit.
Die boerdery het hom **ryk** gemaak.
Sy het haar oë **rooi** gehuil.
Hy maak my **tot leuenaar.**
Ek beskou daardie boek **uit die oue doos.**
Ons het hom **tuis** gevind.

## ALLERLEI

### I. Die infinitief as sinsdeel

Soos reeds aangetoon, kan infinitiewe diensdoen as:

(*a*) **onderwerp:**
Swem is gesond.
**Om so te sukkel** is nie lekker nie.

(b) **deel van die gesegdewoord:**
Dit bly maar **sukkel.**
Dit is **om te huil . . .**

(c) **voorwerp:**
Hy leer **om te swem.**
Hy hoop **om vroeg terug te wees.**
Ek hoor **lag.**
Ek weier **om te betaal.**

(d) **byvoeglike bepaling:**
Die lus **om te werk** is nie daar nie.
Die geleentheid **om die praatjie te hoor** laat ek nie verbygaan nie.

(e) **bywoordelike bepaling:**
**Deur hard te werk**, het hy geslaag.
**In plaas van te skiet**, het hy weggehardloop.

## II. Veelvoudigheid van die gesegdewoord

Soms tref ons twee of meer werkwoorde (gesegdewoorde) in die enkelvoudige sin aan, bv.
Hy **slaap en eet** in dieselfde kamer.
Die meid **vee en stof af.**

In sommige gevalle is die handeling deur die twee werkwoorde uitgedruk so 'n eenheid dat ons 'n hendiadyskonstruksie kry (d.i. 'n konstruksie waarby één voorstelling deur twee woorde wat gelykwaardig naas mekaar gebruik word en met „en" verbonde is, uitgedruk word). Dit vind dikwels plaas wanneer die eerste werkwoord **sit, staan, lê, loop** of **hardloop** is, bv.
Die man **sit en lees** op die stoep.
Ek het lank met hom **(ge)staan en praat.**
Die hond **lê** op die stoep **en slaap.**
Die seun **loop en fluit.**
Die kind het **(ge)hardloop en skree.**

## III. Veelvoudigheid van die onderwerp en voorwerp

Soms kry ons twee (of meer) onderwerpe of voorwerpe in dieselfde enkelvoudige sin, bv.

**Jan, Piet en Klaas** gaan saam.
Op die mark het ek **appels, pruime, druiwe en appelkose** gesien.

Veelvoudige onderwerpe (of voorwerpe) kan op verskillende maniere verbind word, bv.

(i) **aaneenskakelend of kopulatief,** (bv. Hy **en** ek gaan.)
(ii) **teenstellend,** (bv. **Nie** ek **nie maar** jy moet gaan.)
(iii) **skeidend,** (bv. **Òf** Piet **òf** Gert moet gaan.)

(iv) **vergelykend,** (bv. Hans, **nes** Gert, is 'n gebore ingenieur.)

(v) **gevolgaanduidend,** (bv. Jan, **dus** ook sy broertjie, sal van nou af te voet moet gaan.)

(vi) **uitsonderend,** (bv. Almal **behalwe** Koos was daar.)

(vii) **toegewend,** (bv. **So nie** Jan **nie dan tog** Willem moes dit gedoen het.)

Dis egter nie nodig om elke soort haarfyn te gaan ontleed nie; daarom word hier onder net die belangrikste bindwoorde aangegee. Verder moet daarop gelet word dat die verbinding met of sonder bindwoorde kan geskied:

(a) **Sonder bindwoord:**

**Tiers, leeus, renosters, almal** is volop.
Hy kweek **mielies, koring, hawer, gars.**

(b) **Met bindwoord:**

**en** (bv. Hy verkoop mielies **en** koring.)
**sowel . . . as** (bv. Ek het Piet **sowel as** Jan gesien.)
**nog . . . nog** (bv. Hy het **nog** kind **nog** kraai.)
**beide . . . en; of . . . of; asook; nie alleen nie . . . maar ook; ook; selfs; toe; dan; veral; asmede; daarby; dan nog; (al)hoewel; ofskoon; nieteenstaande; hetsy . . . of; behalwe; afgesien van; uitgenome; uitgesonderd; afgesien van; so nie . . . dan tog; wel nie . . . maar tog; nes; soos; as; eweas; hoe . . . des te; hoe . . . hoe; meer (minder) as; so . . . as; so . . . soos; laat staan; daarom; dus; derhalwe; daardeur; hierdeur; gevolglik; dan ook,** ens.

**LET WEL:**

Die bindwoorde sluit nie alleen voegwoorde, voegwoordelike bywoorde, ens. in nie, maar ook bywoordelike frases, bv.

Jan, **af en toe** ook Piet, het vinnig gewerk.

## IV. Woordorde

Die gewone orde van die sinsdele in 'n enkelvoudige sin is (a) onderwerp (b) gesegdewoord (c) voorwerp (d) bepalings (e) „om te"-frase of infinitief, bv.

Die man || neem || die ploegskaar || more | per motor | dorp toe || om heelgemaak te word.

**Let op:**

(i) Die bywoordelike bepaling van tyd volg dikwels na die werkwoord (gesegdewoord) of hulpwerkwoord, bv.

Die man || sal || **more** || die ploegskaar . . .
Jan || gaan || **aanstaande week** || die bome . . .

(ii) Die gebruiklikste bepalings staan gewoonlik in hierdie orde: (a) TYD (b) MIDDEL of HOEDANIGHEID of OMSTANDIGHEID of byna enigeen van die ander bywoordelike bepalings (c) PLEK, bv.

Ek wil || more | te perd | lande toe || ry.
Hy het || gister | baie vinnig | hier || verbygery.
Ek het hom || verlede week | by toeval | op die dorp || gesien.
Hy het || ure aanmekaar | met die graaf | in die tuin || gespit.

(iii) As daar 'n hulpwerkwoord in die enkelvoudige sin voorkom, staan dit net na die onderwerp, en die verlede deelwoord of infinitief staan dan gewoonlik aan die end van die sin (net voor die „om-te"-frase), bv.

Die man **het** die ploegskaar gister per motor dorp toe **geneem** om heelgemaak te word.

(iv) Inversie vind plaas as ons die sin met 'n bywoordelike bepaling begin, d.i. die gesegdewoord (of hulpwerkwoord) staan dan voor die onderwerp, bv.

**More** neem die man die ploegskaar . . .
**Per motor** sal die man die ploegskaar . . .

(v) Inversie vind gewoonlik ook plaas wanneer die enkelvoudige sin die volgende uitdruk:

**'n Wens:** Mag ek daardie dag beleef!
**'n Vraag:** Hoe laat kom jy terug?

**'n Uitroep:** Hier staan Jan!
**'n Dreigement:** Doen jy dit net!
**'n Bevel:** Kom jy hiernatoe!

### V. Proewe van sintaktiese ontleding

(a) Jan en Piet is al lankal dokters.

| | |
|---|---|
| Jan en Piet | veelvoudige onderwerp |
| is dokters | saamgestelde gesegde |
| al lankal | byw. bepaling van tyd |

(b) Jan se broertjie het gister met 'n windroer twee duiwe in die tuin geskiet.

| | |
|---|---|
| broertjie | onderwerp |
| Jan se | byv. bepaling by „broertjie" |
| het geskiet | gesegdewoord |
| gister | byw. bep. van tyd |
| met 'n windroer | byw. bep. van middel. |
| duiwe | voorwerp |
| twee | byv. bep. by „duiwe" |
| in die tuin | byw. bep. van plek |

(c) Ek gee die hond kos.

| | |
|---|---|
| ek | onderwerp |
| gee | gesegdewoord |
| kos | direkte voorwerp |
| die hond | indirekte voorwerp |

## B. DIE SAAMGESTELDE SIN

### Wat is 'n saamgestelde sin?

'n Saamgestelde sin is 'n verbinding of samestelling van twee of meer sinne, bv.

Jan gaan, maar Piet bly.
Ek voel siek; dus bly ek by die huis totdat ek gesond is.

Die saamgestelde sin kan in twee hoofgroepe verdeel word:

## 1. Neweskikkende sinsverband

Sinne wat neweskikkend verbind word, word soms **veelvoudige** sinne genoem.

Volgens die betekenis kan ons drie onderafdelings onderskei:

(a) **Aaneenskakelende sinsverband** (Kopulatief):

(i) sonder 'n verbinding (bindwoord), bv.

Hans slaap; Piet is wakker.

Die motor kom tot stilstand; Jan klim uit.

**Let op:** Die korter pouse dui aan dat dit as 'n eenheid opgevat word.

(ii) met 'n verbinding (bindwoord), bv.

Ek het dorp toe gegaan **en** daar het ek Piet raakgeloop.

Ander bindwoorde wat gebruik word, is:

**nog, daarby, ook, eweneens, insgelyks, bowendien, buitendien, daarenbowe, selfs, sowel . . . as, nie alleen nie . . . maar ook, allereers, vereers, ten eerste, dan, daarna, verder, vervolgens, eindelik, ten slotte, eensdeels . . . anderdeels, enersyds . . . andersyds, aan die een kant . . . aan die ander kant/** ens.

(b) **Teenstellende sinsverband** (Adversatief):

(i) sonder 'n bindwoord, bv.

Die ou man het gery; die jong man het gestap.

(ii) met 'n bindwoord, bv.

Pa het gegaan, **maar** Ma het gebly.

Ander bindwoorde wat gebruik word, is: **daarenteë, inteendeel, egter, tog, dog, anders, nietemin, nogtans, of, òf . . . òf,** ens.

(c) **Redegewende sinsverband** (kousaal):

(i) sonder 'n bindwoord, bv.

Jy moet nie deur hierdie draad kruip nie: jy kan vervolg word.

(ii) met 'n bindwoord, bv.

Ek gaan nie saam nie, **want** ek voel siek.

Ander bindwoorde wat gebruik word, is: **daardeur, daarom, dus, derhalwe, hierdeur, hierom, dientengevolge.**

## 2. Onderskikkende sinsverband

By hierdie soort saamgestelde sinne kry ons gewoonlik 'n verbinding van hoofsin(ne) plus bysin(ne). Die hoofsin bevat die hoofmededeling en kan desnoods alleen staan, bv.

**Ek het gehardloop,** omdat ek bang was.
As jy siek voel, **moet jy nie kom nie.**

Ons moet daarop let dat die sinne wat met „as" en „omdat" begin, nie gelykstaan met die hoofsinne nie. Hulle is ondergeskik aan die hoofsinne. Hierdie soort sinne word **bysinne** genoem. Waar daar egter 'n onderwerpsin is, is daar nie 'n hoofsin nie — net 'n sin met 'n onderwerpsin as deel daarvan.

Ons kan drie soorte bysinne onderskei:

A. **Byvoeglike bysinne:**

Kyk na die volgende sinne:

Die seun **wat daar stap,** is Jan.
Die seun **met wie ek gepraat het,** is Jan.
Die seun **wie se been gebreek is,** is Jan.
Die tafel **wat daar staan,** is stukkend.
Die tafel **waarop ek staan,** is stukkend.
Die tafel **waarvan die poot af is,** is verkoop.
Die plek **waar die ongeluk plaasgevind het,** is ver.
Nou is die tyd **wanneer die plante groei.**
Die berig, **dat Jan verongeluk het,** is onwaar.
Die ondersoek, **hoe die brand gestig is,** is nog nie afgeloop nie.
Die vraag, **of Jan dit sal doen**, sal binnekort beslis word.

Wat kan ons opmerk? Die vetgedrukte sinne in elke saamgestelde sin verrig dieselfde funksie as 'n b.nw. of byvoeglike bepaling. Die eerste drie bysinne beskryf „die seun"; die tweede drie „die tafel", ens. Bysinne met 'n byvoeglike funksie noem ons **byvoeglike bysinne.**

**Let op:**

(i) Die byvoeglike bysin het altyd betrekking op 'n s.nw. of vnw. wat voorafgaan. „Wat daar stap" bv. beskryf „seun". Hierdie woord wat voorafgaan (of beskryf word), noem ons die **antesedent.**

(ii) Oor die regte gebruik van die betreklike voornaamwoord vind jy volledige informasie onder daardie hoof.

(iii) Die byvoeglike bysin kan soms sonder bindwoord voorkom. bv.

Die spreekwoord: **,,Die appel val nie ver van die boom nie,''** is nie altoos waar nie.

(iv) Die bindwoord hoef nie altoos 'n betreklike voornaamwoord te wees nie. Vergelyk bv. die bostaande bysinne wat met **wanneer, dat, hoe** en **of** begin.

(v) Byvoeglike bysinne gee antwoord op die vraag: **WATTER?**

## B. Selfstandige bysinne:

Onder hierdie hoof onderskei ons drie tipes:

(a) **Onderwerpsinne:**

Kyk na die volgende sinne:

**Dat hy slim is,** is seker.
Dit is geen skande **dat 'n mens arm is nie.**
Uit sy brief blyk **dat hy nou getroud is.**
**Of ons 'n vergadering moet belê,** sal oorweeg word.
**Hoe ek daar moet kom,** is nie duidelik nie.
**Wat waar is,** moet gesê word.

Soos jy sal oplet, verrig die vetgedrukte bysinne in bostaande sinne die funksie van 'n onderwerp. Om hierdie rede word hulle onderwerpsinne genoem.

**Let op:**

Af en toe kom onderwerpsinne sonder 'n bindwoord voor, bv.

Dit kan nie ontken word nie: **sy houding het baie verbeter.**

(b) **Voorwerpsinne:**

Kyk na die volgende sinne:

Jan sê **dat hy siek voel.**
Hy het gevra **hoe laat dit is.**
Ek oorweeg nog **of ek moet saamgaan.**
Jy moet sê **wat jy bedoel.**
**,,Kom gou!''** skree die man.
**Wanneer,** stel jy voor, **moet ons vertrek.**

Die vetgedrukte bysinne in bostaande voorbeelde verrig almal die funksie van 'n voorwerp; daarom noem ons hulle voorwerpsinne.

**Let op:**

Voorwerpsinne kom dikwels sonder bindwoord voor, bv.

Jan sê **hy voel siek.**
Jan vra: **„Hoe laat is dit?"**

(c) **Gesegdesinne:**

Kyk na die volgende sinne:

Hy bly **wat hy nog altyd was.**
Hy is nie **wat hy voorgee om te wees nie.**
Hy lyk **of hy baie siek kan wees.**
**Wat ek vroeër was,** word ek weer.

Wat kan ons oplet? Die vetgedrukte bysinne volg almal op koppelwerkwoorde (nl. bly, is, lyk, word) en verrig die funksie van 'n gesegde. Om dié rede noem ons hulle gesegdesinne, hoewel hulle maar net 'n deel van die gesegde vorm.

**Let op:**

Selfstandige bysinne gee antwoord op die vraag: **WAT?**

C. **Bywoordelike bysinne:**

In plaas van te sê:

**Indien moontlik** moet jy kom;
**Na die wedstryd** het ons huis toe gegaan;
**Weens siekte** kon hy nie kom nie;

kan ek sê:

**As dit moontlik is**, moet jy kom;
**Na die wedstryd verby was,** het ons huis toe gegaan.
**Omdat hy siek was,** kon hy nie kom nie.

Wat het ek gedoen? In plaas van 'n bywoordelike bepaling het ek 'n bysin met dieselfde betekenis en funksie gebruik. Hierdie soort bysinne wat die funksie van 'n bywoordelike bepaling (of bywoord) verrig, noem ons bywoordelike bysinne. Soos by bywoordelike bepalings (en bywoorde) kan ons verskillende tipes onderskei. Hier word die vernaamste ondergebring: (Die vrae waarop die bywoordelike bysinne antwoord gee, word tussen hakies aangegee.)

(a) **Plek,** bv. (Waar? Waarheen? Waarnatoe? ens.)
Ek het weggekruip **waar hy my nie kon sien nie.**
**Waar hy vandaan gekom het,** het hy weer na toe teruggekeer.
(Ook die voegwoorde: **vanwaar, waarheen, waarnatoe, tot waar,** ens.)

(b) **Tyd,** bv. (Wanneer?)
**Toe ek daar kom,** was hy al weg.
**As ek dorp toe gaan,** loop ek dikwels kortpad.
(Ook die voegwoorde: **wanneer, sedert, hoe lank, terwyl, na(dat), voor(dat), alvorens, eer(dat), tot(dat), so lank as, so dikwels as, sodra, nes, net soos,** ens.)

(c) **Oorsaak** of **Rede,** bv. (Waarom? Om watter rede? ens.)
Ek het gebly, **omdat my voet seer was.**
**Aangesien dit laat is,** bly ek maar.
(Ook die voegwoorde: **deurdat, daar, dewyl, noudat, oor(dat),** ens.)

(d) **Gevolg,** bv. (met watter gevolg?)
Sy huis het afgebrand **sodat hy nou moet loseer.**
(Ook die voegwoorde: **waardeur, met die gevolg dat**)

(e) **Doel,** bv. (Met watter doel?)
Jy moet vinnig werk **sodat jy gou kan klaarkry.**
(Ook die voegwoorde: **opdat, ten einde (dat), dat**)

(f) **Voorwaarde,** bv. (Op watter voorwaarde? In watter geval?)
As jy siek voel, moet jy liewer tuis bly.
(Ook die voegwoorde: **indien, ingeval, mits, gesteld (dat), aangenome dat, op voorwaarde dat, sê nou (dat), tensy,** ens.)

(g) **Toegewing,** bv. (In weerwil waarvan?)
Ek sal gaan, **al reën dit.**
(Ook die voegwoorde: **hoewel, alhoewel, ofskoon, nieteenstaande,** ens.)

(h) **Hoedanigheid** of **wyse,** bv. (Hoe? Op watter manier?)

Hy het geloop **asof hy dronk was.**
(Ook die voegwoorde: **of, soos, soas,** ens.)

(i) **Vergelyking,** bv.

Jan is sterker **as wat jy dink.**
(Ook die voegwoorde: **so . . . soos, eweas, dan, asof,** ens.)

(j) **Omstandigheid,** bv. (Onder watter omstandighede?)

**Pleks dat hy my kom help,** bly hy staan.
**Terwyl jy die wiel saamgebring het,** kan ons hom maar gou regmaak.
(Ook die voegwoorde: **in plaas dat, sonder dat,** ens.)

(k) **Graad,** bv. (Hoeveel? Hoe ver? Hoe groot? Hoe baie?)

Dit was so groot **soos daar maar weinig te vinde is.**

**Let op:**

Die bysin begin gewoonlik met **dat of as,** maar in die hoofsin staan gewoonlik die graadaanduidende bepalings **so, sodanig, soseer, in die mate, net so, sover,** ens.

(l) **Beperking,** bv. (Met watter beperking?)

**Vir sover dit in my vermoë is,** sal ek help.
**Behalwe dat my been seergekry het,** makeer ek niks.
(Ook die voegwoorde: **in sover, sover uitgesonder dat,** ens.)

(m) **Verhouding,** bv. (Met watter verhouding?)

**Na gelang ons die top van die berg genader het, het dit kouer geword.**
(Ook die voegwoorde: **namate (dat) al na,** hoe . . . . **hoe,** hoe . . . . **des te,** ens.)

## Proewe van sinsontleding (sinsoorte)

Ek gaan saam, maar Piet bly tuis; want sy moeder, met wie ek gepraat het, het gesê dat, alhoewel hy vandag beter voel, omdat hy die hele dag gelê het, hy tog nog nie sterk genoeg is nie.

| | Sin | Sinsoort |
|---|---|---|
| A. | Ek gaan saam | Hoofsin. |
| B. | maar Piet bly tuis | Neweskikkende hoofsin, teenstellende sinsverband. |
| C. | want sy moeder het gesê | Neweskikkende hoofsin redegewende sinsverband. |
| D. | dat hy tog nog nie sterk genoeg is nie | Voorwerpsin by „het gesê". |
| E. | alhoewel hy vandag beter voel | Bywoordelike bysin van toegewing by is nie sterk genoeg nie". |
| F. | met wie ek gepraat het | Byvoeglike bysin by „moeder." |
| G. | omdat hy die hele dag gelê het | Bywoordelike bysin van rede by „beter voel." |

## DIE AFRIKAANSE WOORDESKAT

### Waar kom ons Afrikaanse woordeskat vandaan?

Soos die taalgeleerdes vir ons aandui, kan die woordvoorraad van enige taal verdeel word in (i) erfgoed (ii) leengoed en (iii) eiegoed, m.a.w. party van ons woorde het ons oorgeërf, sommige het ons geleen van ander tale en ander het ons self gemaak. Laat ons hierdie drie hoofde nou nader ondersoek.

### 1. OORERWING

Die meeste van ons woorde het ons van Nederlands geërf, net soos Nederlands dit vroeër van sy stamouers geërf het. Dié ontwikkelingsproses het ons reeds in die hoofstuk „Oor die Afrikaanse Taal" aangetoon. Nederlands het self baie woorde geleen en gemaak, maar ook hulle kan ons as erfgoed beskou.

Die woorde wat ons oorgeërf het kom veral van die volkstaal, seemanstaal, handelstaal, ens. van die 17e eeu, maar dit is natuurlik nie al nie. Tot aan die begin van die 20e eeu was Nederlands nog altyd ons literatuur- en kultuurtaal, en woorde wat tot op daardie tydstip gangbaar was, kan ook as erfgoed beskou word.

Vandag nog word daar woorde (neologismes) en uitdrukkinge van Nederlands geleen. As ons in die knyp raak vir 'n nuwe woord (of uitdrukking), is dit maar gewoonlik na Nederlands wat ons ons toevlug neem — al is dit ook 'n vreemde woord wat Nederlands aan 'n ander taal ontleen het.

Interessant is dit om te sien watter soorte woorde almal van die 17e eeu oorgeërf is. Hier volg enkele gebiede met 'n paar voorbeelde van elk:

**Volkstaal:** verbrands, swernoot, karnallie, vagebond, bandiet, loesing, uitwiks, nuusgierige agie, puntenerig, rinkink, kluitjie (= leuen).

**Seemanstaal:** kombers, kooi, katel, kombuis, spens, bottel, kaiing, balasmandjie, katrol, pikkewyn, oorlam(s), kardoes, iemand vermaak.

**Handelstaal:** mielie, patatta, spanspek, likkewaan, koejawel piesang, rissie, katjiepiering, sambreel, piering, sambok, karwats, baklei.

## 2. ONTLENING

### A. Waarom word woorde geleen?

Die volgende aanleidende oorsake kan aangetoon word:

**Uitwendige faktore:**

(i) Wanneer twee of meer tale of dialekte naas mekaar gebruik word, bv. in Suid-Afrika, België, Wallis, ens.

(ii) As daar staatkundige bande tussen twee lande is, bv. Engeland en Suid-Afrika.

(iii) As daar geografiese kontak tussen twee lande is, bv. Holland en Frankryk.

(iv) As daar letterkundige bande tussen twee lande is, bv. die invloed van die Amerikaanse en Engelse boek en tydskrif in Suid-Afrika.

**Inwendige faktore:**

(i) As daar 'n nuwe begrip ingevoer word waarvoor daar in die taal wat ontleen, geen ekwivalent bestaan nie, bv.

speaker, flat, petrol, garage

(ii) As die vreemde woord korter is, bv.

memoriseer, prestige, camouflage, maneuvreer

(iii) As die vreemde woord as 'n eufemisme of versagting gebruik word, bv.

tuberkulose, phthisis

(iv) As in 'n sekere verband die gevoelswaarde van die vreemde woord sodanig is dat dit 'n bedoeling noukeuriger uitdruk as die inheemse woord. Vergelyk „nuweling" naas „rekruut", „professor" naas „hoogleraar", „apparaat" naas „toestel", ens. Soms gebeur dit dat die vreemde woord die inheemse woord byna totaal verdring. Hoe dikwels hoor jy iemand van „hoogleraar" praat? Dis gewoonlik „professor", nie waar nie? En hoeveel mense gebruik „spraakkuns" i.p.v. „grammatika", „ophelder" i.p.v. „illustreer", „opstandeling" i.p.v. „rebel", ens.?

(v) Allerlei faktore soos luiheid, slordigheid, die mode, 'n minderwaardigheidsgevoel, ens. gee aanleiding tot die gebruik van ontlenings (in Suid-Afrika is dit Anglisismes) wat so vaswortel dat hulle feitlik nie uitgeroei kan word nie. Baie van hulle, kry met verloop van tyd burgerreg. Dis moeilik om nou al vas te stel watter woorde en uitdrukkinge van hierdie tipe reeds burgerreg verkry het, maar in die volgende gevalle kan ons wel sê dat hulle vinnig op pad daarheen is:

Ek het hom gaan **afsien** by die stasie.
**Wat is die datum?**
Ek **wonder . . .**
Dit was 'n lekker **dans.**
Wie **is reg** en wie **is verkeerd?**
Moenie lank **wees** nie!
Sy pa het 'n groot **besigheid.**
Ek **haat** om dit te doen.

Dit is natuurlik geen volledige lys nie. Vir al sover 'n mens weet, kan daar nog hònderde meer wees. Van genoemdes kan sommige miskien nog uitgeroei word. Die tyd sal wel leer.

* * *

By die behandeling van ontleninge moet ons onderskei tussen (i) **leenwoorde,** d.w.s. woorde wat van 'n ander taal oorgeneem is, en (ii) **barbarismes,** d.w.s. letterlike vertalings uit 'n ander taal wat indruis teen die Afrikaanse taaleie, bv. die trein „vang"; ek „lyk" dit baie; „ingaan vir" sport; 'n konsert „kom af", ens.

As leenwoorde vormverandering ondergaan, noem ons hulle **basterwoorde**, bv. trippens, brekfis, kroukie, ens. As ons wil aandui aan watter taal ontleen is, gebruik ons benaminge soos **Anglisismes** (Engels), **Gallisismes** (Frans), **Hottentotismes, Germanismes** (Duits), **Nederlandismes,** ens. Hieronder verstaan ons sowel leenwoorde as barbarismes.

## B. Aan watter tale het Afrikaans ontleen?

In Afrikaans het ons veral aan die volgende tale ontleen:

I. **FRANS,** bv.
Eiename: *Gous, Boshoff, Piere, du Toit, Fouché, La Motte* (plaasnaam), ens.
Vrugtename: *Sermyn*(peer), *pawee*(perske), *bermotseran-*(peer), *pompemoer.*

II. **DUITS,** bv.
Eiename: *Kruger, Geyer, Meyer, Berlin.*
Allerlei: *by my siks, vervlaks, niksnuts; laer, werda; dan en wan.*

III. **HOTTENTOTS,** bv.
Eiename: *Karoo, Gourits, Keiskamma, Prieska, Tarka, Gamtoos, Outeniekwa* (berge).
Diere en insekte: *Oribie, Kwagga, geitjie, gogga.*
Bome en plante: *njoem-njoem, dagga, karee, baroe, ghokum, boegoe, ganna*(bos).
Allerlei: *karos, abba, kierie, ga! aits*(a)!

IV. **MALEIS-PORTUGEES,** bv.
Kossoorte: *sosatie, atjar, blatjang, bobotie, mebos, bredie, borrie.*
Plante: *jamboes, katjiepiering, koejawel, kiepersol, nartjie.*
Allerlei: *tamaai, tjalie, doepa, baadjie, karba, pondok, baljaar, kurang, sambok, sambreel, amper, baie, mandoor, tronk, aia, nonnie, kraal, ramkie, tjap, bafta.*

V. **BANTOETALE,** bv.
Eiename: *Cala, Amatola*(berge), *Amajoeba, Pondo, Fingo, Zoeloe.*
Plante, diere, ens.: *maroela, moepel, mapanie, tamboekie, tambotie, na*(boom).
Allerlei: *pasela, donga, maas, indaba, impie, lobola, twjala, gramadoelas, haikona, pitso.*

VI. **ENGELS:** (by woorde wat nie erken word nie, word die Afrikaanse ekwivalent aangegee).
Parlement en regspraak: *speaker, koukus, platform, magistraat, jurie, juts* (regter)

Muntstukke: *pennie, sjieling, sikspens, trippens.*
Handel en nywerheid: *tjek, liksens, tender, jaart, boesel, cultivator* (soort ploeg), *planter, jellie.*
Kleding: *jersie, sweater, stud* (halsknopie)
Verkeerswese: *keb, bokkie, ghig, ghries, trollie, lorrie, motor, trok, tonnel, enjin* (lokomotief), *petrol, tenk.*
sport: *krieket, rugby, kroukie, tennis, gholf.*
Allerlei: *kleim, kollie, Sir, piekniek, nonsies, bodder* (lastig val), *desset, poeding, brekfis, sundowner* (skemerkelkie), *zip(-fastener)* (ritssluiting), *no trumps* (sonder troewe), *breakdown lorrie* (wegsleepwa), *titbit* (versnapering), *fair* (kermis), *trinkets* (snuistery).

**Barbarismes:**

Onder invloed van Hottentots, Duits en Maleis-Portugees het daar enkele barbarismes ontstaan, maar dié hinder ons nie veel nie, want hulle is feitlik almal al ingeburger. Wat ons wel voor die bors stuit, is die talle Engelse barbarismes wat so moeilik gaan om uit te roei. Voorbeelde hiervan is:

Wat is die tyd? (Hoe laat is dit?)
Die seun het sy brille op. (bril)
Daar gaan die klokkie al weer. (lui)
Hulle staan in 'n lyn. (ry)
'n Verkoue vang. (kry, opdoen)
Ons sal agter brekfis loop. (na)
In vyf minute is ek klaar. (Oor)

Die houding wat ons teenoor leengoed, en Anglisismes in die besonder, moet inneem, is reeds onder die hoof „Anglisismes" bespreek. Sien die hoofstuk oor taalverskynsels.

## VII. INDIREKTE ONTLEDING:

Dikwels ontleen ons nie direk uit 'n ander taal nie, maar indirek deur bemiddeling van 'n ander taal, bv.

(i) Baie Maleis-Portugese woorde is in die 17e eeu waarskynlik uit Nederlands geërf.

(ii) Van sowel Nederlands as Engels het ons baie woorde geërf of geleen wat hulle self aan ander tale ontleen het, bv.

ninnon, macaroni, crépe-de-chine, camouflage, spaghetti, cognac, algebra, appendicitis, ens.

Hierdie proses duur natuurlik nog steeds voort. Dit is deel van die ontwikkelingsgang van alle tale.

## 3. WOORDVORMING

In alle tale bestaan daar verskeie middele om nuwe woorde te vorm en te skep. Daar hierdie middele alreeds in die hoofstuk oor woordvorming taamlik volledig bespreek is, word jy daarna verwys en word die aparte hoofde hier volledigheidshalwe net opgesom:

I. Samestelling
II. Afleiding
III. Samestellende afleiding
IV. Klanknabootsing (onomatopee)
V. Volksetimologie
VI. Versmelting (kontaminasie)
VII. Verdigting of Verkorting